



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2774

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE

OORSEE 30c OVERSEAS

POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 2774

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 165]

PRETORIA, 30 MAART 1979
MARCH

[No. 6379

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 53, 1979

WYSIGING VAN DIE VENDA-GRONDWETPROKLAMASIE, 1973 (PROKLAMASIE R. 12 VAN 1973)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (3) van die Grondwet van die Swart State, 1971 (Wet 21 van 1971), wysig ek hierby die Venda-grondwetproklamasie, 1973 (Proklamasie R. 12 van 1973), deur paragraaf (c) van artikel 8 deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) indien sodanige lid (mits hy nie ’n kaptein is nie) versuim om vir ten minste vier dae van enige week van sitting van die Wetgewende Vergadering, die sittings van die Wetgewende Vergadering by te woon sonder die voorafverkreë toestemming daarvan, tensy sodanige lid voor die verstryking van die daaropvolgende week, indien die Wetgewende Vergadering dan in sitting is, en binne sewe dae na die aanvang van die daaropvolgende sessie indien die Wetgewende Vergadering dan nie in sitting is nie, vertoë tot die Speaker van die Wetgewende Vergadering gerig het waarin die redes vir sodanige afwesigheid so volledig moontlik uiteengesit word vir oorweging deur die Wetgewende Vergadering of sodanige komitee daarvan as wat hy vir dié doel aanstel en sodanige afwesigheid deur die Wetgewende Vergadering verskoon is: Met dien verstande dat in afwagting van sodanige verskoning sodanige lid geag word nie lid te gewees het nie gedurende die tydperk vanaf die laaste dag van die betrokke week waarin sodanige lid nie voormelde sittings bygewoon het nie tot die datum van sodanige verskoning.”

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

7074—A

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 53, 1979

AMENDMENT OF THE VENDA CONSTITUTION PROCLAMATION, 1973 (PROCLAMATION R. 12 OF 1973)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (3) of the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby amend the Venda Constitution Proclamation, 1973 (Proclamation R. 12 of 1973), by the substitution for paragraph (c) of section 8 of the following paragraph:

“(c) should such member (if he is not a chief) fail to attend the sittings for at least four days of any week of sitting of the Legislative Assembly without its prior leave unless such member has, before the expiration of the following week, if the Legislative Assembly is then in session and within seven days after the commencement of the next session if the Legislative Assembly is then not in session, has submitted representations to the Speaker of the Legislative Assembly in which the reasons for such absence are explained as fully as possible for consideration by the Legislative Assembly or such committee thereof as it may appoint for the purpose and such absence is condoned by the Legislative Assembly: Provided that pending such condonation such member shall be deemed not to have been a member during the period from the last day of the week concerned in which such member did not attend the aforementioned sittings to the date of such condonation.”

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

6379—1

No. R. 57, 1979

WYSIGING VAN DIE KANGWANE GRONDWET-PROKLAMASIE, 1977 (PROKLAMASIE R. 214 VAN 1977)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (3) van die Grondwet van die Swart State, 1971 (Wet 21 van 1971), wysig ek hierby die KaNgwane Grondwetproklamasie, 1977 (Proklamasie R. 214 van 1977), met ingang van 1 April 1979, deur die woord "vier" waar dit in artikel 11 (1) voorkom deur die woord "vyf" te vervang.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Nege-honderd Nege-en-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

(Lêer R223/22)

No. R. 58, 1979

INSTELLING VAN DIE KANGWANE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKORPORASIE BEPERK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 (1) en (3) van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Swart State, 1968 (Wet 46 van 1968), stel ek hierby met ingang van 1 April 1979, ten opsigte van daardie Swart gebiede wat deur die Swazi-volkseenheid bewoon word, 'n ontwikkelingskorporasie in wat bekend sal staan as die KaNgwane Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie, Beperk.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agt-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Nege-honderd Nege-en-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**DEPARTEMENT VAN ARBEID**

No. R. 624 30 Maart 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**KLEINHANDELVLEISBEDRYF (WITWATERSRAND).—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalinge van Goewermentskennisgewings R. 734 van 18 April 1975 en R. 161 van 6 Februarie 1976, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 625 30 Maart 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**KLEINHANDELVLEISBEDRYF (WITWATERSRAND).—WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalinge van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms

No. R. 57, 1979

AMENDMENT OF THE KANGWANE CONSTITUTION PROCLAMATION, 1977 (PROCLAMATION R. 214 OF 1977)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (3) of the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby amend the KaNgwane Constitution Proclamation, 1977 (Proclamation R. 214 of 1977), with effect from 1 April 1979, by the substitution for the word "four" where it appears in section 11 (1) of the word "five".

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

(File R223/22)

No. R. 58, 1979

ESTABLISHMENT OF THE KANGWANE ECONOMIC DEVELOPMENT CORPORATION LIMITED

Under the powers vested in me by section 5 (1) and (3) of the Promotion of the Economic Development of Black States Act, 1968 (Act 46 of 1968), I hereby establish with effect from 1 April 1979, in respect of those Black areas occupied by the Swazi national unit, a development corporation to be known as the KaNgwane Economic Development Corporation, Limited.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-eighth day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

GOVERNMENT NOTICES**DEPARTMENT OF LABOUR**

No. R. 624 30 March 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**RETAIL MEAT TRADE (WITWATERSRAND).—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 734 of 18 April 1975 and R. 161 of 6 February 1976, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 625 30 March 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**RETAIL MEAT TRADE (WITWATERSRAND).—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the

genoem), wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Kleinhandelvleisbedryf betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Bedryf in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (2) van die Wysigingsooreenkoms, *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Bedryf by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE KLEINHANDEL-VLEISBEDRYF (WITWATERSRAND)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Witwatersrand Retail Master Butchers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Transvaal Retail Meat Trade Employees' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Kleinhandelvleisbedryf (Witwatersrand),

om die Ooreenkoms, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 734 van 18 April 1975, soos gewysig, verleng en hernieu by Goewermentskennisgewings R. 161 van 6 Februarie 1976, R. 778 van 21 April 1978 en R. 2196 van 3 November 1978, te wysig.

1. KLOUSULE 1.—TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms moet in die Kleinhandelvleisbedryf (Witwatersrand) nagekom word—

(1) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakvereniging is en wat onderskeidelik by die Bedryf betrokke of daarin werksaam is;

(2) in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg (uitgesonderd daardie gedeelte wat ingevolge Goewermentskennisgewing 1779 van 6 November 1964 vanaf die landdrosdistrik Heidelberg oorgeplaas is), Brakpan (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewings 498 van 1 April 1966 en 871 van 26 Mei 1972 vanaf die landdrosdistrik Nigel en ingevolge Goewermentskennisgewing 1779 van 6 November 1964 vanaf die landdrosdistrik Heidelberg oorgeplaas is), Germiston, Johannesburg, Kempton Park (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 556 van 29 Maart 1956, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 962 van 1 Junie 1956 en Goewermentskennisgewing 1618 van 2 Oktober 1970

Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Retail Meat Trade shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Trade in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (2) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Trade by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE RETAIL MEAT TRADE (WITWATERSRAND)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Witwatersrand Retail Master Butchers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Transvaal Retail Meat Trade Employees' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Retail Meat Trade (Witwatersrand),

to amend the Agreement published under Government Notice R. 734 of 18 April 1975, as amended, extended and renewed by Government Notices R. 161 of 6 February 1976, R. 778 of 21 April 1978 and R. 2196 of 3 November 1978.

1. CLAUSE 1.—SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

The terms of this Agreement shall be observed in the Retail Meat Trade (Witwatersrand)—

(1) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade union, who are engaged or employed therein;

(2) in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg (excluding that portion which was transferred from the Magisterial District of Heidelberg in terms of Government Notice 1779 of 6 November 1964), Brakpan (excluding those portions which were transferred from the Magisterial District of Nigel in terms of Government Notices 498 of 1 April 1966 and 871 of 26 May 1972 and from the Magisterial District of Heidelberg in terms of Government Notice 1779 of 6 November 1964), Germiston, Johannesburg, Kempton Park (excluding those portions which were transferred from the Magisterial District of Pretoria in terms of Government Notice 556 of 29 March 1956, as amended by Government Notice 962 of 1 June 1956 and Government Notice 1618 of 2 October 1970), Krugersdorp (excluding

vanaf die landdrosdistrik Pretoria oorgeplaas is), Krugersdorp (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskenningsgewings 749 van 19 Mei 1961 en 894 van 26 Mei 1972 vanaf onderskeidelik die landdrosdistrikte Randfontein en Brits oorgeplaas is), Roodepoort en Springs, daardie gedeelte van die landdrosdistrik Delmas wat voor die publikasie van Goewermentskenningsgewing 2880 van 12 Desember 1952 binne die landdrosdistrik Springs geval het, daardie gedeelte van die landdrosdistrik Heidelberg wat voor die publikasie van Goewermentskenningsgewing 2095 van 27 November 1970 binne die landdrosdistrik Brakpan geval het, daardie gedeelte van die landdrosdistrik Koster wat voor die publikasie van Goewermentskenningsgewing 1105 van 26 Julie 1963 binne die landdrosdistrik Krugersdorp geval het, daardie gedeeltes van die landdrosdistrik Randburg wat voor die publikasie van Goewermentskenningsgewing 2152 van 22 November 1974 binne die landdrosdistrikte Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp en Roodepoort geval het, daardie gedeelte van die landdrosdistrik Randfontein wat voor die publikasie van Goewermentskenningsgewing 2546 van 5 Desember 1947 binne die landdrosdistrik Krugersdorp geval het (maar uitgesonderd die plaas Holfontein 17) en daardie gedeelte van die landdrosdistrik Westonaria wat voor die publikasie van Goewermentskenningsgewing 1476 van 30 September 1966 binne die landdrosdistrik Roodepoort geval het.

2. KLOUSULE 4.—BESOLDIGING

Vervang subklausule (1) deur die volgende:

“(1) Geen laer lone as die volgende mag deur ’n werkgewer betaal of deur ’n werknemer aangeneem word nie:

Vleissnytegnikus.....	R60 per week
Vleissnytegnikus in ’n perdevleisbedryfsinrigting.....	R35 per week
Boekhouer—	
man.....	R200 per maand
vrou.....	R150 per maand
Slagtersassistent.....	R25 per week
Kassier en assistent-boekhouer.....	R100 per maand
Los vleissnytegnikus.....	R12 per dag of gedeelte van ’n dag
Opsnyer.....	R60 per week
Drywer van ’n motorvoertuig waarvan die onbelaste massa, tesame met die onbelaste massa van enige sleepwaens wat deur sodanige voertuig getrek word—	
(a) hoogstens 1 500 kg is.....	R31 per week
(b) meer as 1 500 kg is.....	R37 per week
Winkelkontroleur.....	R90 per week
Arbeider, man—	
onder 18 jaar.....	R18 per week
18 jaar en ouer.....	R22 per week
Arbeider, vrou.....	R18 per week
Bereidingsassistent.....	R37 per week
Leerlingvleissnytegnikus.....	R35 per week
Toesighouer.....	R90 per week
Massa- en/of prysbepaler.....	R125 per maand
Toedraaier en/of verpakker.....	R22 per week

Los werknemer uitgesonderd ’n los vleissnytegnikus:

Die minimum loon wat ’n werkgewer vir elke dag diens of gedeelte van ’n dag diens moet betaal, is soos volg: In die geval van alle werknemers, uitgesonderd ’n los vleissnytegnikus, een vyfde van die weekloon voorgeskryf vir ’n werknemer wat dieselfde klas werk verrig wat van ’n los werknemer vereis word.”

3. Voeg die volgende klausule by:

“29. GROEPBEGRAFNISSEKEMA

(1) Hierdie klausule is van toepassing ten opsigte van alle werknemers wat lede is van die Transvaal Retail Meat Trade Employees’ Union ooreenkomstig genoemde Union se konstitusie en wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie.

(2) Ten einde begrafnisbystand te verskaf aan werknemers in subklausule (1) bedoel, moet ’n werkgewer op die eerste betaaldag in elke maand ’n bydrae van R2 aftrek van die loon van elkeen van genoemde werknemers in sy diens.

(3) Die totale bedrag soos in subklausule (2) voorgeskryf, moet voor of op die 10de dag van elke daaropvolgende maand, tesame met ’n staat in die vorm deur die Raad voorgeskryf, aan die Sekretaris van die Nywerheidsraad, Posbus 10589, Johannesburg, 2000, gestuur word.

those portions which were transferred from the Magisterial Districts of Randfontein and Brits in terms of Government Notices 749 of 19 May 1961 and 894 of 26 May 1972, respectively), Roodepoort and Springs, that portion of the Magisterial District of Delmas which, prior to the publication of Government Notice 2880 of 12 December 1952, fell within the Magisterial District of Springs, that portion of the Magisterial District of Heidelberg which, prior to the publication of Government Notice 2095 of 27 November 1970, fell within the Magisterial District of Brakpan, that portion of the Magisterial District of Koster which, prior to the publication of Government Notice 1105 of 26 July 1963, fell within the Magisterial District of Krugersdorp, those portions of the Magisterial District of Randburg which, prior to the publication of Government Notice 2152 of 22 November 1974, fell within the Magisterial Districts of Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp and Roodepoort, that portion of the Magisterial District of Randfontein which, prior to the publication of Government Notice 2546 of 5 December 1947, fell within the Magisterial District of Krugersdorp (but excluding the farm Holfontein 17) and that portion of the Magisterial District of Westonaria which, prior to the publication of Government Notice 1476 of 30 September 1966, fell within the Magisterial District of Roodepoort.

2. CLAUSE 4.—REMUNERATION

Substitute the following for subclause (1):

“(1) No employer shall pay and no employee shall accept wages lower than the following:

Meat cutting technician.....	R60 per week
Meat cutting technician in horse meat establishment.....	R35 per week
Bookkeeper—	
male.....	R200 per month
female.....	R150 per month
Butcher's assistant.....	R25 per week
Cashier and assistant bookkeeper.....	R100 per month
Casual meat cutting technician.....	R12 per day or part of day
Cutter.....	R60 per week
Driver of motor vehicle, the unladen mass of which, together with the unladen mass of any trailers drawn by such vehicle—	
(a) does not exceed 1 500 kg.....	R31 per week
(b) exceeds 1 500 kg.....	R37 per week
Shop controller.....	R90 per week
Labourer, male—	
under 18 years of age.....	R18 per week
18 years of age and over.....	R22 per week
Labourer, female.....	R18 per week
Preparation assistant.....	R37 per week
Trainee meat cutting technician.....	R35 per week
Supervisor.....	R90 per week
Mass-measurer and/or pricer.....	R125 per month
Wrapper and/or packer.....	R22 per week

Casual employee other than a casual meat cutting technician:

The minimum rate at which remuneration shall be paid by an employer for each day or part of a day of employment shall be as follows: In the case of all employees, other than a casual meat cutting technician, one fifth of the weekly wage prescribed for an employee performing the same class of work as the casual employee is required to perform.”

3. Add the following clause:

“29. GROUP FUNERAL SCHEME

(1) This clause shall apply in respect of all employees who are members of the Transvaal Retail Meat Trade Employees’ Union, in terms of the said Union’s constitution, and who have not reached the age of 65 years.

(2) For the purpose of providing employees referred to in sub-clause (1) with funeral benefits, an employer shall on the first pay-day of each month deduct from the wages of each of the said employees in his employ a contribution of R2.

(3) The total amount as prescribed in sub-clause (2) shall be transmitted to the Secretary of the Industrial Council, P.O. Box 10589, Johannesburg, 2000, on or before the 10th day of each succeeding month, together with a statement in the form prescribed by the Council.

(4) Die geld wat ontvang word ooreenkomstig subklousule (3) moet deur die Sekretaris van die Raad gestuur word aan Homes Trust Life, Johannesburg, ten opsigte van en namens elke werknemer om aan hom dekking vir begrafnisbystand te verskaf soos in 'n groeppolis bepaal en behoudens die voorwaardes daarin gespesifiseer. 'n Afskrif van die polis moet aan die Sekretaris van Arbeid gestuur word."

Namens die partye op hede die 22ste dag van Januarie 1979 te Johannesburg onderteken.

G. D. MOSTERD, Voorsitter van die Raad.

F. J. BENADIE, Ondervoorsitter van die Raad.

R. W. WARD, Sekretaris van die Raad.

No. R. 626

30 Maart 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

KLEINHANDELVLISBEDRYF (WITWATERSRAND).—HERNUWING VAN OPLEIDINGSKEMA—OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennigewing R. 737 van 18 April 1975, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1980 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 627

30 Maart 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

CHEMIKALIEËNYWERHEID, KAAP.—WYSIGING VAN MEDIESE HULPFONDSOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Chemikalieënywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1983 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1983 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Maart 1983 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms, *mutatis mutandis* bindend is vir alle

(4) The moneys received in terms of subclause (3) shall be transmitted by the Secretary of the Council to the Homes Trust Life, Johannesburg, in respect of and on behalf of each employee to cover him for funeral benefits as provided for in a group policy, and subject to the terms and conditions specified therein. A copy of the policy shall be transmitted to the Secretary for Labour."

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 22nd day of January 1979.

G. D. MOSTERD, Chairman of the Council.

F. J. BENADIE, Vice-Chairman of the Council.

R. W. WARD, Secretary of the Council.

No. R. 626

30 March 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

RETAIL MEAT TRADE (WITWATERSRAND).—RENEWAL OF TRAINING SCHEME—AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notice R. 737 of 18 April 1975, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1980.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 627

30 March 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

CHEMICAL INDUSTRY, CAPE.—AMENDMENT OF MEDICAL AID FUND AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Chemical Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1983, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1983, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the Amending Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 March 1983, the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall *mutatis mutandis* be binding upon all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any

Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigteen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRaad VIR DIE CHEMIKALIE- NYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Cape Manufacturing Chemists' and Druggists' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Chemical and Allied Workers' Union

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Chemikalie-nywerheid (Kaap),

om die Ooreenkoms tussen die partye, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2005 van 6 Oktober 1978 te wysig.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Chemikalie-nywerheid (Kaap) nagekom word—

(a) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewers-organisasie is en alle werknemers wat lede van die vakvereniging is en wat onderskeidelik betrokke is by of werksaam is in die Nywerheid;

(b) in die munisipale gebied van Kaapstad soos dit op 19 Oktober 1966 bestaan het en in die landdrosdistrikte Goodwood (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 1882 van 3 Oktober 1975 vanaf die landdrosdistrik Die Kaap oorgeplaas is en uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewing 1611 van 3 September 1976 vanaf die landdrosdistrikte Die Kaap en Wynberg oorgeplaas is) en Bellville (uitgesonderd daardie gedeeltes wat ingevolge Goewermentskennisgewings 2102 en 173 van onderskeidelik 2 November 1945 en 9 Februarie 1973, vanaf die landdrosdistrik Wynberg oorgeplaas is) in daardie gedeeltes van die landdrosdistrikte Malmesbury en Stellenbosch wat voor die publikasie van onderskeidelik Goewermentskennisgewings 171 en 283 van 8 Februarie 1957 en 2 Maart 1962 binne die landdrosdistrik Bellville geval het en in daardie gedeelte van die landdrosdistrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 661 van 19 April 1974 binne die landdrosdistrik Stellenbosch geval het maar wat voor 2 Maart 1962 binne die landdrosdistrik Bellville geval het.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms van toepassing op slegs dié werknemers vir wie lone in die Hoof-ooreenkoms voorgeskryf word.

2. KLOUSULE 4.—MEDIESE FONDS

In subklousule (2), vervang die woorde "waarvan die administrateurs van die Fonds hom verwittig het." deur die woorde "soos in Aanhangel A van hierdie Ooreenkoms uiteengesit," waar dit ookal voorkom.

3. BYSTAND

Voeg die volgende nuwe klousule 9 in:

"9. BYSTAND

Die bystand waarop 'n lid geregtig is, word uiteengesit in Aanhangel B van hierdie Ooreenkoms."

Namens die partye op hede die 31ste dag van Desember 1978 in Kaapstad onderteken.

B. SPITZGLASS, Voorsitter.

J. HEEGER, Ondervoorsitter.

A. A. DAVIS, Sekretaris.

of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CHEMICAL INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act of 1956, made and entered into by and between the

Cape Manufacturing Chemists' and Druggists' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Chemical and Allied Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Chemical Industry (Cape),

to amend the Agreement between the parties, published under Government Notice R. 2005 dated 6 October 1978.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Chemical Industry (Cape)—

(a) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade union who are engaged or employed therein;

(b) in the municipal area of Cape Town as it existed on 19 October 1966, and in the Magisterial Districts of Goodwood (excluding those portions which in terms of Government Notice 1882 of 3 October 1975 were transferred from the Magisterial District of The Cape and excluding those portions which in terms of Government Notice 1611 of 3 September 1976 were transferred from the Magisterial Districts of The Cape and Wynberg) and Bellville (excluding those portions which, in terms of Government Notices 2102 and 173 of 2 November 1945 and 9 February 1973, respectively, were transferred from the Magisterial District of Wynberg), in those portions of the Magisterial Districts of Malmesbury and Stellenbosch which, prior to the publication of Government Notices 171 and 283 of 8 February 1957 and 2 March 1962 respectively, fell within the Magisterial Districts of Bellville and in that portion of the Magisterial District of Kuils River which prior to the publication of Government Notice 661 of 19 April 1974 fell within the Magisterial District of Stellenbosch but which prior to 2 March 1962 fell within the Magisterial District of Bellville.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall only apply in respect of employees for whom wages are prescribed in the Main Agreement.

2. CLAUSE 4.—MEDICAL FUND

In subclause (2), substitute the words "as set out in Annexure A to this Agreement." for the words "notified to him by the administrators of the Fund" wherever they appear.

3. BENEFITS

Insert the following new clause 9:

"9. BENEFITS

The benefits to which a member is entitled shall be as set out in Annexure B to this Agreement."

Signed at Cape Town on behalf of the parties this 31st day of December 1978.

B. SPITZGLASS, Chairman.

J. HEEGER, Vice-Chairman.

A. A. DAVIS, Secretary.

AANHANGSEL A
M.C.G. MEDIESE FONDS

BYLAE VAN LEDE SE BYDRAES GEBASEER OP
WERKNEMERS SE VERDIENSTES

By die bedrae deur lede bygedra ingevolge hierdie Bylae moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg en die groot totaal voor of op die 15de van die onmiddellik daaropvolgende maand aan die Vereniging stuur.

Tot	Groep 1		Groep 2	
	Maandeliks R104	Weekliks R24	Maandeliks R130	Weekliks R30
M.....	0-74	0-17	0-90	0-21
M1.....	1-48	0-34	1-82	0-42
M2.....	2-20	0-51	2-73	0-63
M3.....	2-94	0-68	3-64	0-84
M4.....	3-68	0-85	4-55	1-05

Tot	Groep 3		Groep 4	
	Maandeliks R173	Weekliks R40	Maandeliks R217	Weekliks R50
M.....	1-08	0-25	1-34	0-30
M1.....	2-17	0-50	2-68	0-60
M2.....	3-25	0-75	4-03	0-90
M3.....	4-33	1-00	5-37	1-20
M4.....	5-41	1-25	6-71	1-50

Tot	Groep 5		Groep 6	
	Maandeliks R260	Weekliks R60	Maandeliks R303	Weekliks R70
M.....	1-56	0-36	1-91	0-44
M1.....	3-12	0-72	3-81	0-88
M2.....	4-68	1-08	5-72	1-32
M3.....	6-24	1-44	7-62	1-76
M4.....	7-80	1-80	9-53	2-20

Tot	Groep 7		Groep 8	
	Maandeliks R347	Weekliks R80	Maandeliks R390	Weekliks R90
M.....	2-30	0-53	2-73	0-63
M1.....	4-59	1-06	5-46	1-26
M2.....	6-88	1-59	8-18	1-89
M3.....	9-18	2-12	10-91	2-52
M4.....	11-48	2-65	13-64	3-15

Tot	Groep 9		Groep 10	
	Maandeliks R450	Weekliks R105	Maandeliks R450+	Weekliks R105+
M.....	3-29	0-76	4-16	0-96
M1.....	6-58	1-52	8-32	1-92
M2.....	9-87	2-28	12-48	2-88
M3.....	13-16	3-04	14-98	3-46
M4.....	16-45	3-80	17-50	4-04

Bydraes is op 'n maandelikse grondslag betaalbaar en die weeklikse aftrekkings word hierbo slegs gerieflikheidshalwe aangetoon.

Sleutel: "M" beteken lid sonder afhanklikes;
"M1" beteken lid met een afhanklike;
"M2" beteken lid met twee afhanklikes;
"M3" beteken lid met drie afhanklikes;
"M4" beteken lid met vier of meer afhanklikes.

ANNEXURE A

M.C.G. MEDICAL FUND

SCHEDULE OF MEMBERS' CONTRIBUTIONS BASED
ON THE EMPLOYEES' EARNINGS

To the amounts contributed by members in terms of this Schedule the employer shall add a like amount and forward the resultant total to the Society by not later than the 15th of the month immediately following.

Up to	Group 1		Group 2	
	Monthly R104	Weekly R24	Monthly R130	Weekly R30
M.....	0-74	0-17	0-90	0-21
M1.....	1-48	0-34	1-82	0-42
M2.....	2-20	0-51	2-73	0-63
M3.....	2-94	0-68	3-64	0-84
M4.....	3-68	0-85	4-55	1-05

Up to	Group 3		Group 4	
	Monthly R173	Weekly R40	Monthly R217	Weekly R50
M.....	1-08	0-25	1-34	0-30
M1.....	2-17	0-50	2-68	0-60
M2.....	3-25	0-75	4-03	0-90
M3.....	4-33	1-00	5-37	1-20
M4.....	5-41	1-25	6-71	1-50

Up to	Group 5		Group 6	
	Monthly R260	Weekly R60	Monthly R303	Weekly R70
M.....	1-56	0-36	1-91	0-44
M1.....	3-12	0-72	3-81	0-88
M2.....	4-68	1-08	5-72	1-32
M3.....	6-24	1-44	7-62	1-76
M4.....	7-80	1-80	9-53	2-20

Up to	Group 7		Group 8	
	Monthly R347	Weekly R80	Monthly R390	Weekly R90
M.....	2-30	0-53	2-73	0-63
M1.....	4-59	1-06	5-46	1-26
M2.....	6-88	1-59	8-18	1-89
M3.....	9-18	2-12	10-91	2-52
M4.....	11-48	2-65	13-64	3-15

Up to	Group 9		Group 10	
	Monthly R450	Weekly R105	Monthly R450+	Weekly R105+
M.....	3-29	0-76	4-16	0-96
M1.....	6-58	1-52	8-32	1-92
M2.....	9-87	2-28	12-48	2-88
M3.....	13-16	3-04	14-98	3-46
M4.....	16-45	3-80	17-50	4-04

Contributions are payable on a monthly basis and the weekly deductions are shown above for convenience only.

Key: "M" means member having no dependants;
"M1" means member having one dependant;
"M2" means member having two dependants;
"M3" means member having three dependants;
"M4" means member having four or more dependants.

AANHANGSEL B
M.C.G. MEDIESE FONDS
BYLAE VAN BYSTAND

Lede is geregtig op onderstaande bystand ten opsigte van hulself en hul afhanklikes:

1. ALGEMENE PRAKTISYN.

1.1 100 persent van die tarief vir konsultasies, besoeke, diagnostiese ondersoeke, behandelings, chirurgiese operasies en prosedures.

1.2 100 persent van die koste van materiaal vir inspuitings en medisyne deur die dokter verskaf: Met dien verstande dat van die lid vereis word om 25c tot die koste van inspuitingsmateriaal by te dra.

2. SPESIALISTE.

2.1 100 persent van die tarief vir konsultasies, besoeke, diagnostiese ondersoeke, behandelings, chirurgiese operasies en prosedures: Met dien verstande dat die konsultasie of besoek aanbeveel is deur die dokter wat hom behandel.

2.2 100 persent van die koste van materiaal vir inspuitings en medisyne deur die dokter verskaf.

2.3 100 persent van die tarief vir chirurgiese prosedures en operasies.

3. HOSPITALISASIE.

3.1 Akkommodasie, teater en herstelsaal: 100 persent van die tarief vir die algemene saal van 'n hospitaal of private verpleeginrigting: Met dien verstande dat die tarief hoogstens 80 persent is van die ooreengekome tarief vir private hospitale.

3.2 100 persent van die koste van ontsmettingsmiddels, medisyne, verbande en materiaal vir inspuitings verskaf terwyl in 'n hospitaal opgeneem.

3.3 Intensiewe eenheid: 100 persent van goedgekeurde tarief van private hospitale vir 'n onbeperkte aantal dae—indien deur 'n mediese praktisyn gesertifiseer as noodsaaklik vir die pasiënt se herstel.

4. MEDISYNE.

4.1 100 persent van die koste van medisyne en materiaal vir inspuiting of inenting deur 'n mediese praktisyn of tandarts voorgeskryf, uitgesonderd dié toegedien of verskaf terwyl in 'n hospitaal opgeneem, nadat 25c vir elke item in 'n voorskrif, tot 'n maksimum van R1 ten opsigte van een voorskrif, wat die lid self moet betaal, afgetrek is.

4.2 Daar is geen beperking ten opsigte van die totale mediese bystand nie.

5. TANDHEELKUNDIGE DIENSTE.

5.1 10 persent van die tarief vir konserwatiewe tandheelkundige behandeling, d.w.s. stoppels, trek van tande, X-strale en profilakse.

5.2 100 persent van die tarief vir kunstande, tandkroning en brugwerk, ortodontiese en preprostetiese chirurgie, maar die Fonds se aanspreeklikheid is beperk tot R100 vir 'n enkele lid en tot R160 vir 'n lid met afhanklikes.

6. HULPDIENTE.

6.1 Bloedtoertapping.

100 persent van die koste (d.w.s. die koste van die bloed, die apparaat en die bedienersgeld).

6.2 Fisioterapie.

100 persent van die toepaslike tarief indien deur 'n dokter voorgeskryf: Met dien verstande dat hierdie bystand hoogstens 20 behandelings behels.

6.3 Voetheelkunde.

100 persent van die koste indien deur 'n algemene praktisyn voorgeskryf, met 'n maksimum van R50 per jaar.

6.4 Kliniese sielkunde.

100 persent van die tarief vir psigiatrie ten opsigte van dienste deur 'n geregistreerde kliniese sielkundige gelewer indien hierdie dienste deur 'n mediese praktisyn aanbeveel is. Die maksimum bystand is 20 behandelings.

6.5 Chiropraktisyns.

100 persent van die tarief vir fisioterapie, met 'n maksimum van 20 behandelings.

6.6 Private verpleging.

100 persent van die koste van private verpleegdiens, behoudens die goedkeuring van die Bestuurskomitee: Met dien verstande dat 'n mediese praktisyn die verpleegdiens

ANNEXURE B
M.C.G. MEDICAL FUND

SCHEDULE OF BENEFITS

Members shall be entitled to the following benefits in respect of themselves and their dependants:

1. GENERAL PRACTITIONER.

1.1 100 per cent of the tariff of fees for consultations, visits, diagnostic examinations, treatments, surgical operations and procedures.

1.2 100 per cent of the cost of materials for injections and medicines provided by the doctor: Provided that the member is required to pay 25c towards the cost of injection materials.

2. SPECIALISTS.

2.1 100 per cent of the tariff of fees for consultations, visits, diagnostic examinations, treatments, surgical operations and procedures: Provided that the consultation or visit is recommended by the attending practitioner.

2.2 100 per cent of the cost of material for injections and medicines provided by the doctor.

2.3 100 per cent of the tariff of fees for surgical procedures and operations.

3. HOSPITALISATION.

3.1 Accommodation, theatre and recovery ward, 100 per cent of the fee for general ward of a hospital or private nursing home: Provided that such fee does not exceed 80 per cent of the fee listed in the private hospital agreed tariff.

3.2 100 per cent of the cost of disinfectants, medicine, bandages and material for injections supplied whilst accommodated in a hospital.

3.3 Intensive Care Unit (I.C.U.): 100 per cent of approved tariff of private hospitals with no limit on the number of days—when certified by a medical practitioner as necessary for the recovery of the patient.

4. MEDICINES.

4.1 100 per cent of the cost of medicine and materials for injection or vaccination prescribed by a medical practitioner or dentist, excluding those administered or supplied whilst accommodated in a hospital, after 25c for each item in any prescription, to a maximum of R1 in respect of any one prescription payable by the member himself, has been deducted.

4.2 No limits are applied to total medicine benefits.

5. DENTAL SERVICES

5.1 100 per cent of the tariff of fees for conservative dental treatment, i.e. fillings, extractions, X-rays and prophylaxis.

5.2 100 per cent of the tariff of fees for denture, crown and bridge work, orthodontics and pre-prosthetic surgery, but the liability of the Fund shall be restricted to R100 for a single member and R160 for a member with dependants.

6. AUXILIARY SERVICES.

6.1 Blood transfusions.

100 per cent of the cost (i.e. the cost of blood, apparatus and the operator's fees).

6.2 Physiotherapy.

100 per cent of the tariff applicable, when prescribed by a doctor: Provided that this benefit shall not exceed 20 treatments.

6.3 Chiropody.

100 per cent of the cost, if prescribed by a general practitioner, with a maximum of R50 per annum.

6.4 Clinical psychology.

100 per cent of the tariff of fees for psychiatry in respect of services rendered by a registered clinical psychologist, if these services have been recommended by a medical practitioner. The maximum benefit is 20 treatments.

6.5 Chiropactors.

100 per cent of the tariff of fees for physiotherapy, with a maximum of 20 treatments.

6.6 Private nursing.

100 per cent of the cost of private nursing services, subject to the approval of the Management Committee: Provided that a medical practitioner prescribed the nursing services

van 'n geregistreerde verpleegster in 'n lid se huis in plaas van verblyf in 'n hospitaal voorgeskryf het en toesig oor die geval bly hou. Die maksimum tarief is 80 persent van die tarief vir 'n algemene saal in 'n provinsiale hospitaal vir hoogstens 60 dae. Spesiale verpleegdienste terwyl 'n lid in die hospitaal is, kom nie in aanmerking vir bystand nie.

6.7 Optometriese dienste.

Die koste van gesigsondersoek deur 'n optometris en vir die verskaffing van lense en rame, uitgesonderd kontaklense, tot 'n bedrag van hoogstens R25 per lid per jaar.

6.8 Ambulans.

100 persent van die koste vir ambulansdienste na die naaste provinsiale hospitaal of vir die vervoer vanaf een hospitaal na 'n ander of vir die vervoer vanaf 'n hospitaal na die pasiënt se vaste woning indien 'n dokter gesertifiseer het dat dié vervoer noodsaaklik is in belang van die pasiënt. 'n Maksimum van R20 is vir die duur van elke geval betaalbaar.

6.9 In die geval van totale bystand is daar geen perke nie.

L.W.—Ten einde vir bystand in aanmerking te kom, word die volgende bydraes vereis:

Medies en farmaseuties: Vier weke.

Tandheelkundig: Chirurgie en stopwerk: Vier weke.

Kunstande: 52 weke.

Bevallings: Nege maande: Met dien verstande dat die vrou nege maande lank as 'n afhanklike geregistreer was.

No. R. 646

30 Maart 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, PIETERMARITZBURG EN NOORDELIKE GEBIEDE.—WYSIGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van 1 April 1979 en vir die tydperk wat op 9 November 1979 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van 1 April 1979 en vir die tydperk wat op 9 November 1979 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as die genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van 1 April 1979 en vir die tydperk wat op 9 November 1979 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van die Wysigingsooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

of a registered nurse in the home of a member instead of a stay in hospital and remains in supervision of the case. Maximum fee being 80 per cent of a general ward rate of a provincial hospital subject to 60 days. Special nursing services during a member's stay in hospital do not qualify for benefits.

6.7 Optometric services.

The cost of visual examination by an optometrist and for the supply of lenses and frames, excluding contact lenses, to an amount not exceeding R25 per member per annum.

6.8 Ambulance.

100 per cent of the cost of ambulance services to the nearest provincial hospital or for transport from one hospital to another or for transport from a hospital to the regular abode of the patient when such transport has been certified by a doctor as being essential to the patient's interest. A maximum of R20 is payable for the duration of each case.

6.9 No limits are applied to total benefits.

N.B.—To qualify for benefits the following contributions are required:

Medical and pharmaceutical: Four weeks.

Dental: Surgery and fillings: Four weeks.

Dentures: 52 weeks.

Confinement benefits: Nine months: Provided that the wife is registered as a dependant for nine months.

No. R. 646

30 March 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, PIETERMARITZBURG AND NORTHERN AREAS.—AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

